# Eljada

Die Here voorsien

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

Vertel en Leef die Goeie Nuus

"Maar die Here het vir my gesê: "Moenie sê, 'Ek is nog 'n kind' nie, want na wie ook al Ek jou stuur, moet jy gaan, en wat ook al Ek jou beveel, moet jy sê."
Jeremia 1:7

## 23 Augustus 2026

## WOORDBEDIENING

### OGGENDDIENS om 09:15

Psalm 97: 1, 2 en 6
Psalm 130: 1, 2 en 4
Psalm 145: 1, 7 en 8
Psalm 46: 1 en 4

Skriflesing: Openbaring 16: 1 – 21

*5 Toe het ek die engel van die water hoor sê: "U is regverdig, U wat is en wat was, die Heilige, omdat U oor hierdie dinge geoordeel het; 6 want hulle het die bloed van •heiliges en profete vergiet, en U het hulle bloed gegee om te drink. Hulle verdien dit." 7 Toe het ek die engel van die altaar hoor sê: "Ja, Here God, Almagtige, u oordele is betroubaar en regverdig."*
*17 Toe het die sewende engel sy bak in die lug uitgegooi. Uit die tempel, van die troon se kant af, het 'n harde stem uitgeroep: "Dit is afgehandel!"*
Openbaring 16:5-7, 17

**Tema: Die afgehandelde betroubare en regverdige oordeel van God.**


## PREDIKANTE

**Ds. Anton Dednam**
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

**Ds. Danie Potgieter**
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

**SKRIBA**
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

**DIAKONIE**
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE BESTUURDER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

**SUSTERS**
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

**FINANSIES**
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

**ADMINISTRASIE**
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

**KOSTER**
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

**ORRELIS**
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

**ELJADA**
eljada@gkrietvallei.co.za

# WOORDBEDIENING

**AANDDIENS om 18:00**

Ps 25: 1, 3
Ps 103: 1, 2
Lied 292

Skriflesing: Efesiërs 2: 1 – 10 (2020 Vertaling)
HBK Sondag 1

**Tema: Hoe om in vaste troos te leef.**



# Verjaardae

## BELYDENDE LIDMATE

| | | |
|---|---|---|
| 23 Aug | Riaan Kruger | A04 |
| 23 Aug | Marius Venter | A16 |
| 24 Aug | Hanno Havenga | D25 |
| 24 Aug | Giel van Niekerk | D07 |
| 24 Aug | Trudie van Vliet | A10 |
| 25 Aug | Tjaart Snyman | A26 |
| 25 Aug | Bettie van den Berg | A32 |
| 26 Aug | Karel Holtzhausen | D27 |
| 26 Aug | Henda Suurd | A14 |
| 26 Aug | Fanus van Wyk | D33 |
| 27 Aug | Leandre Theunissen | D27 |
| 28 Aug | Bea Greyling | D15 |
| 28 Aug | Louis Vorster | D35 |
| 29 Aug | Yolanda Hartzer | A18 |
| 29 Aug | Bonnie J v Rensburg | D33 |

## DOOPLIDMATE

| | | |
|---|---|---|
| 23 Aug | Dylan van Helden | D03 |
| 23 Aug | Marisha van Helden | D03 |
| 23 Aug | Kara Venter | D27 |
| 25 Aug | Christopher Kruger | D23 |
| 27 Aug | Elizabeth Dednam | D13 |
| 27 Aug | Imke van Niekerk | A16 |
| 27 Aug | Lanita Viviers | A22 |
| 28 Aug | Jean-Luc Olivier | A22 |
| 28 Aug | Lika Verster | D27 |

## BAIE GELUK

***Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.***

***Sr. Trudie van Vliet (A10) vier DV 24 Augustus haar 90ste verjaarsdag en sr. Bettie van den Berg (A32) vier DV 25 Augustus haar 82ste verjaarsdag.***

***Ons bid vir hulle in besonder maar ook elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.***

***"Hoe kan ek die Here vergoed vir al sy goeie dade aan my? Die beker van verlossing sal ek oplig en die Naam van die Here aanroep." Ps 116: 12-13***

# Meelewing

***Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:***

- Br. Gerhard en sr. Ester van der Walt (D11). Daar is beterskap by hulle dogter wat gehospitaliseer word.
- Sr. Tina Knox (D21) sterk tuis aan nadat sy geval het. Daar sal na ontvangs van die toetsuitslae besluit word oor die pad vorentoe.

## BAIE GELUK:

Baie geluk aan Sebastian Louw van Hoërskool Garsfontein en Marius Venter van Hoërskool Waterkloof wat as leiers verkies is.

Baie geluk ook aan julle trotse ouers!

# Inligting

**Kollekte by deure vir die KERKKAS**

**Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens**

Fondse in die kerkkas word gebruik vir die instandhouding van die erediens. Vandag is die sesde van agt kollektes wat deur die kerkraad vir hierdie doel in 2026 goedgekeur is. Ons mikpunt vir 2026 is R100-00 per belydende lidmaat per maand. Baie dankie vir u bydrae.

**RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE**

**Kerkkas:** Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

**Diakonie:** Rekeningnr: 40 5113 8620

**Susters:** Rekeningnr: 40 9473 9097

**Franse Mediabediening:** 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

## 23 – 29 Augustus

Aktiwiteite hierdie week

### VANDAG – 23 Augustus

Skinkbeurt: Wyke A10 en D01
Gr 8-12 Gesprek saam met ds. Anton (Konsistorie)

### MAANDAG – 24 Augustus

Pluimbal: 16:00-20:00

### DINSDAG – 25 Augustus

Bybelstudie Susters: 20:00 (Aanlyn)

### WOENSDAG – 26 Augustus

Ouderling-vergadering 19:00 (Saal)
Diaken-vergadering 19:00 (Konsistorie)

### DONDERDAG - 27 Augustus

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

### VRYDAG - 28 Augustus

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00 (Aanlyn)
Koinonia 17:00 - 21:00

# Inligting







## *NUWE REDAKTEUR VIR DIE RIETFLUIT*

*Het jy 'n liefde vir skryf, kommunikasie en wil betrokke wees by ons gemeente?*

*Ons is op soek na iemand wat die redaksie van die Rietfluit wil oorneem.*

*Met groot dank en waardering sê ons dankie aan br. Pieter Botha, wat sedert 2021 die Rietfluit met toewyding behartig het.*

*Belangstellendes kan asseblief met die skriba skakel:*
*Oudl. Deon Venter 083 376 7523 / skriba@gkrietvallei.co.za*


RAAK BETROKKE
Susters
DIENSGROEPE
SAAM DIEN ONS MET LIEFDE
ELKE GAWE MAAK 'N VERSKIL
GKR
VERVERSINGS EN DEKOR
by funksies (Kerssangdiens/ Paasdiens ens)
ETES IN NOOD
Maak en laai etes af vir mense wat deur moeilike tye gaan
TEESKINK KOÖRDINEERDER
Reël met die wyke om tee te skink
VERVERSINGS TYDENS KERK-RAADSVERGA-DERINGS
Bedien en maak van verversings
SUSTERS DIAKONALE ONDERSTEUNINGS GROEP
Ondersteun met diakonale aksies
Dankie vir jou tyd, liefde en getroue diens!
VIR MEER INLIGTING RONDOM ELKE GROEP
VOLG DIE SKAKEL HIERONDER
SLUIT AAN VIA DIE
GKR GEMEENSKAP OP WHATSAPP
Saam bou ons God se Koninkryk

# BYBELVERSPREIDING

Eers ‘n groot dankie-sê aan Gert en Lynelle Steyn vir hulle pragtige werk in die portaal om ons Bybelverspreidingsaksie ‘n meer prominente plek te gee! Het dit jou aangespoor om ‘n Bybel te neem en vir iemand wat ‘n behoeftes daaraan het, te gaan gee en oor die wonder van God se woord met hom of haar te praat? Dink ook weer oor wat die HERE vir Jeremia in Jeremia 1: 7 geleer het! Onthou daarom:

*Om vir iemand ‘n Bybel te gee is om aan hom of haar toegang tot die Brood van die Lewe te gee. Skenk ‘n Bybel en begelei die ontvanger in die regte gebruik van die Bybel.*

Waarom is daar nie vanjaar, soos reeds die afgelope klompie jare, ‘n muntlegging nie?

Twee redes:
- Ons het verlede jaar reeds gesien dat daar ‘n opmerklike afname in die bydraes op hierdie wyse is.
- Die hantering van munte en veral die deponering daarvan raak al meer problematies omdat die aantal banktakke wat tellers het, al minder word. Daarbenewens is die administrasiekoste by die deponering van munte hoog. Ons dink nog aan alternatiewe maniere om veral ons kinders by fondsinsameling te betrek.

Hoekom ondersteun ons die Bybelgenootskap?

**Die Bybelgenootskap is volkome afhanklik van die gebede en finansiële ondersteuning van alle Christene, kerke, sakeondernemings en ander organisasies om sy taak, bekostigbare Bybels vir almal, uit te voer. Help die Bybelgenootskap met bekostigbare Bybels vir almal en maak jou bydrae!**

Hou asseblief ook in gedagte:
- Ons streef daarna om voor die einde van 2026 aan minstens 50 kinders uit arm huishoudings ‘n Bybel te kan skenk.
- Dit is ons mikpunt om vanjaar 500 Bybels te kan borg. Rietvallei, met sowat 700 besoekpunte, behoort hierdie teiken maklik te haal as daar uit elke besoekpunt slegs een Bybel geborg kan word.
- Volgens die jongste pryslys van die Bybelgenootskap, is die pryse van die Bybels waarvan ons die meeste aankoop en versprei, soos volg:
  - Afrikaans 2020 standaarduitgawe: R195-00
  - Engels, Sepedi, Sesotho, Setswana, en IsiXhosa almal R169-00; en
  - IsiZulu R147-00
- Baie dankie aan die lidmate wat Bybels in die portaal neem om uit te deel. Hou egter hierdie pryse in gedagte indien u ‘n bydrae vir die Bybelverspreidingsfonds wil maak.
- Daar is ‘n houer met koeverte, pilbotteltjies en buisies op die rak in die portaal beskikbaar. Maak gerus gebruik hiervan vir jou bydrae vir Bybelverspreiding. (Elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen ‘n EFT gemerk “Bybelverspreiding”.

Baie dankie vir u bydrae!




## 🌷 'n Hartlike Dankie! 🌷

Ons as senior lidmate wil graag uit die diepte van ons harte **baie dankie sê aan die senior diensgroep** vir 'n heerlike **Sop en Sjerrie-geleentheid op Saterdag, 15 Augustus**.

Baie dankie vir al die moeite, liefde en omgee waarmee julle hierdie spesiale geleentheid moontlik gemaak het en **ook 'n besondere dankie aan sr. Corné van der Merwe** vir die pragtige musiek en fluitspel.


30 AUGUSTUS
GEMEENTE
BURGER-ETE!
Kom kuier saam ná NAGMAAL
en geniet 'n lekker "Bou-jou-eie Burger"-ete
saam met die gemeente!
DIAKONIE VOORSIEN:
Burger buns
Wildsvleis-patties
Nagereg
ELKE GESIN BRING ASSEBLIEF HUL EIE GUNSTELING GARNISH/TOPPINGS om julle perfekte burger te bou – van uie en tamatie tot blaarslaai en alles tussenin!
EET JY NIE WILDSVLEIS NIE?
Geen probleem! Bring asseblief jou eie patties saam.
ELKE GESIN BRING OOK ASSEBLIEF 'N BYGEREG om met ander te deel om saam die burger te geniet.
Bou jou burger soos JY dit wil hê!
Kom geniet 'n lekker gemeente-ete, kuier en samesyn ná Nagmaal!


GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld
GK Rietvallei Gemeentekamp 2026
Zorgvliet
23 – 28 September
Inskrywings op GKR Gemeenskap-WhatsApp


Koinonia
Gesin-kuier-aande
Vrydae 17:00-21:00
ALMAL WELKOM!
GEREFORMEERDE KERK
RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

## GKSA Nuus:

### Gelukwense:

- Ons hartlike gelukwense aan br. Andries Kruger. Br. Kruger wat kragtens kerkorde, artikel 9 by die kuratore aangemeld het, het aan die vereistes voldoen om die kandidaatsertifikaat te ontvang. Hy kan dus ook by die streeksinode aanmeld om kragtens kerkorde, artikel 4 beroepbaar gestel te word. Dr. Deon Lartz, voorsitter van die kuratore, oorhandig aan br. Andries Kruger sy kandidaatsertifikaat.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

### Beroepe ontvang:

- Proponent Petrus Malindi na GK Phiritona (Heilbron).
- Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Meyerton .
- Proponent Thina Nthangeni na GK De Hoop (Limpopo).
- Ds R (Ruan) Steyn van Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati na GK Venterstad.


### Beroep aanvaar:

- Proponent Thina Nthangeni na GK De Hoop (Limpopo)

### Emeritering:

- Op 3 Maart 1989 is ds Paul Modise bevestig as predikant van GK Kagiso en na 37 jaar sal hy DV op Sondag 23 Augustus 2026 sy afskeidspreek lewer waarna hy emeriteer.  Ds Paul en Oniccah Modise.

# Nagmaal Tafelplan



# Nagmaal Tafelplan

